

PULA IMVUILA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



OKTOBER
2018

Verstaan die MIELIEMARK

Graan SA tydskrif vir
ontwikkelende boere

Lees binne:

04 | Impak van aalwurmpiale
in gewasproduksie

08 | Oorweeg hierdie faktore
wanneer sojabone
aangeplant word

11 | Groei jou besigheid?




Markpryse in alle produksiesekture verander altyd weens verskeie faktore. As produsente is dit ons verantwoordelikheid om op hoogte te bly van ons produktpryse en voortdurend tred te hou met tendense.

Daar is talee inligtingsbronne beskikbaar wat ons kan volg om dit te doen, maar ons moet versigtig wees,

aangesien sommige betroubaarder is as ander. Wees krities. In hierdie artikel sal ons kyk na verskillende faktore wat markpryse beïnvloed en hoe om te weet of ons die regte prys vir ons produkte ontvang.

Die mieliemarkprys is een van die mees wisselvallige van al die graansectore en omdat dit een van Suid-Afrika se primêre voedselprodukte is, beïnvloed dit 'n groot deel van ons land se boere.





OUMA JANE SÊ...

Ek het onlangs gedink aan die vraag: Wat maak 'n goeie mens en wat maak 'n goeie burger van Suid-Afrika?

Af en toe vra ek myself – wat is die doel van my lewe? Wat gee my lewe betekenis? As 'n persoon glo ek dat ek op aarde is om 'n positiewe bydrae in die lewens van ander te lewer. Ek moet eerlik, betroubaar, bedagsaam wees, vir ander omgee en hard werk. Ek moet werk om 'n inkomste te genereer sodat ek my familie kan voed en klee; my kinders opvoed en hulle voorberei vir die wêreld waarin hulle gaan woon (so goed as wat ek kan omdat ek nie die wêreld ken waarin hulle sal leef nie); voorberei vir my aftrede; en bowenmal, my klein bydrae tot ons samelewning en ons land maak.

As boere werk ons nie vir enigiemand anders nie – ons kan grond en natuurlike hulpsbronne gebruik om geld te verdien om 'n lewe te maak. Die grond doen egter nie die werk nie – ons moet die werk op die grond doen om die gewasse wat ons kan verkoop, te produseer. Ons kies egter om 'n inkomste te genereer, ons moet daardie inkomste genereer sodat ons kan oorleef.

Wat sal my waardig maak om myself 'n goeie Suid-Afrikaanse burger te noem? 'n Land het wette wat ons moet respekteer. Die doel van wette is om te verseker dat ons samelewing behoorlik funksioneer. Ek moet belasting betaal sodat ek tot die land kan bydra. In Suid-Afrika is daar nou meer as 17 miljoen mense wat toelaes van die regering kry. Waar kom hierdie geld vandaan? Dit kom van die regering en dit kom van die belasting wat mense betaal. Boere betaal selfs belasting wat goedere waarvan ons nie bewus van is nie – invoerbelasting op baie van ons insette, belasting op brandstof wat ons gebruik en BTW op ons insette. As ons nie belasting betaal nie, sal die regering geen geld hê nie en sal ons land ophou funksioneer.

Het 'n goeie persoon, of 'n goeie boer of 'n goeie burger met my kleur te make? Nee, inderdaad nie. Ons is almal Suid-Afrikaners en ons moet saamwerk om 'n beter toekoms vir ons almal te skep. Ek hou van die woorde van die Dalai Lama: As ons mekaar werklik as broers en susters sien, sou daar geen basis vir verdeling, bedrog en uitbuiting onder ons wees nie. Dit is daarom belangrik om die idee van die eenheid van die mensdom te bevorder, dat ons as mense almal dieselfde is.

Verstaan die mieliemark

Hoekom plant ons mielies?

Wins, klimaat en kos. Dit is die drie hoof faktore wat die lewensvatbaarheid bepaal om 'n mieliegewas te produseer. Ons moet 'n oes produseer wat ekonomies sin maak. As ons dit nie doen nie, bedryf ons 'n besigheid wat nie volhoubaar is nie. Ons moet ook gewasse produseer wat geskik is vir ons spesifieke klimaatstoestande. Laastens het ons as boere die geweldige verantwoordelikheid om voedsel vir ons land se bevolking te voorsien. Ons moet die taak van die balansering van hierdie drie faktore op 'n manier vervolmaak wat steeds besigheidsin maak en in 'n winsgewende operasie kan omskakel.

Faktore wat die mieliemark in Suid-Afrika beïnvloed

Die belangrikste faktor bo alle ander wat die prys van mielies in elke seisoen bepaal, is vraag en aanbod. Ongeveer 75% van die mielies wat in 'n seisoen verbou word, word deur ons eie plaaslike mark verbruik. Dit kan in die vorm van mieliegebaseerde voedselprodukte vir mense, asook diergevoer wees. Eenvoudig gestel; as ons 'n goeie jaar het en ons mielie-oeste lewer 'n goeie opbrengs, sal die prys van mielies daal, aangesien daar 'n oorvloedige voorraad is. Gedurende armer droogte jare wanneer daar laer opbrengs is, sal die prys met aanvraag toeneem.

Internasionale markinvloede speel ook 'n rol in die prys wat ons vir ons mielies ontvang. Gedurende jare wanneer ons 'n ondervoorsiening van mielies in die land het, moet ons die tekort aanvul deur mielies uit ander lande in te voer. Soms kan dit 'n rimpeleffek op ons mark hê, want as ons goedkoop ingevoerde mielies begin stoor, kan dit veroorsaak dat die plaaslike prys van mielies stagneer.

Ons plaaslike mielieprys word ook geraak deur die uitvoer vraag na ons oes. In jare wanneer ons 'n ooraanbod van mielies het, kan daar ander lande wees wat 'n tekort ervaar het, wat veroorsaak dat hulle 'n potensiële invoerder van ons mielies geword het. Dit kan ons prys



stabiel hou. Daar is egter verskeie internasionale handelsregulasies wat hierby betrokke is, soos die uitvoer en invoertariewe en gesondheidstandarde. Dit is 'n komplekse onderwerp wat ons nie in hierdie artikel sal bespreek nie.

Die prys van brandstof en vervoer speel 'n groot rol in ons mielieprys, soos ook in die meeste ander kommoditeite. Mielies word oor die hele land verbou en moet na stoorgeriewe en in die mark verskuif word. Wanneer die prys van brandstof egter styg, sal die prys van die mielies wat ons produseer, afneem, aangesien die koper dit in sy koste sal bereken. Mielies het 'n lang waardeketting om van die plaas na die verbruiker te volg en elke stap benodig brandstof.

Is die prys wat ons ontvang markverwant?

Ons verstaan nou 'n paar basiese beginsels wat die mielieprys bepaal, maar hoe weet ons dat die prys wat ons ontvang markverwant is?

Dit is waar jy as boer in kontak moet bly met dit wat in die mark gebeur. Bly op hoogte deur te lees en te luister na

Mielies het 'n lang waardeketting om van die plaas na die verbruiker te volg en elke stap benodig brandstof.



diegene wat kennis dra van die onderwerp. Dit is baie belangrik aangesien jy dalk jou strategie wil beplan wanneer en hoe jy jou oes gaan bemerk om die beste moontlike prys te probeer kry. Jy kan selfs oorweeg om jou mielies vir 'n tydperk te stoor totdat die prys weer toeneem.

Daar is betroubare bronne wat daaglikse mieliepryse soos Graan SA en Safex publiseer. Jy kan versoek om 'n daaglikse sms boodskap aan joufoon te stuur wat jou die huidige prys sal gee. Jou plaaslike koöperasies soos Afgrí, Suidwes, NWK, Senwes en ander, sal ook 'n

betroubare bron wees waar jy kan uitvind wat die prys is en moontlike toekomstige tendense.

Die belangrikste ding is om jou navorsing te doen voordat jy 'n aanbod op jou produk aanvaar, want daar is ongelukkig altyd diegene wat probeer om voordeel te trek uit die oningesigte. Jy moet egter daarvan bewus wees dat daar altyd sekere aftrekkings is wat in die bedryf standaard is. Jy mag 'n aftrekking hê vir mielies wat vuil is met baie ongewenste stowwe daarin. Jy mag ook gepenaliseer word vir swak gehalte mielies. Die meeste markplekke werk op 'n

gestandaardiseerde graderingstelsel. Jy kan ook soms 'n klein hanteringsfooi gehef word wanneer jy jou oes by die mark lewer. Dit is algemeen en moet jou nie afskrik om te verkoop nie. Die belangrikste is dat jy op hoogte bly en kontak hou met jou bedryf.

**Artikel verskaf deur Gavin Mathews,
Baccalaureus in Omgewingsbestuur.
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na
gavmat@gmail.com.**



Pula Imvula se Aanhaling van die Maand

Leadership is practiced not so much in words as in attitude and in actions.

~ Harold S. Geneen

Impak van AALWURMPLAE in gewasproduksie

Plant-parasitiese aalwurms (PPN) is mikroskopiese rondewurms wat plant-wortels en ander ondergrondse dele aanval, maar ook stingels en blare. Hulle is een van die mees wydverspreide plae met meer as 4 000 spesies plant-parasitiese aalwurms wat wêreldwyd gerapporteer word.

In Suid-Afrika is ongeveer 455 spesies aangemeld. *Meloidogyne* spp. (wortelknop aalwurm) is ekonomies die belangrikste plaag wat die meeste gewasse aanval, gevolg deur *Pratylenchus* spp. (letsel aalwurm). Alhoewel inligting oor hul ekonomiese impak steeds minder omvangryk blyk, stel hulle gesamentlik 'n belangrike beperking op die lewering van plaaslike voedselsekuriteit, veral vir gewasse wat in bestaansboerdery gebiede geproduseer word.

Onkruide aan die ander kant, kompeteer nie net met gewasse vir ruimte, lig en voedingstowwe nie (**Foto 1**), maar kan as gasheer vir ander plae optree en sodoende ekonomiese opbrengsverliese by gewasproduksie veroorsaak.

Gewas en kwaliteits- of opbrengsverliese as gevolg van plant-parasitiese aalwurm parasitisme is gewoonlik meer ernstig by bestaansboerdery gemeenskappe as in eerste wêreld lande. Dit is veral te wyte aan die tekort aan kennis, sowel as die beperkte beskikbaarheid van infrastruktuur en finansies wat bestaan in die bestaanslandbou sektor.

Skade veroorsaak deur plant-parasitiese aalwurm gaan dikwels onopgemerk verby, of word toegeskryf aan ander groei beperkende faktore, weens gebrek aan, of afwesigheid van bogenoemde simptome en onkunde deur produsente. Die aalwurm probleem word verder vererger in die ontwikkelende landbousektor as gevolg van beperkte en marginale grond wat beskikbaar is om voedselgewasse te verbou en die tradisionele gebruik van kultivars wat vatbaar is vir aalwurm in veelvuldige teel- en kruisingstelsels (**Foto 2a - b**).

Beheermaatreels

Dit is van kardinale belang om die effektiewe en geïntegreerde plaagbestuurstrategieë te identifiseer wat gesamentlik alle saad- en aalwurmbestuur sal aanspreek om populasie opbou

van teiken plae te voorkom. Onkruide verminder gewoonlik die doeltreffendheid van wisselbou wat gemik is op aalwurmbestuur.

Daarbenewens kan sommige onkruide wat as 'n aanvullende voedselbron dien, nie doelbewus deur produsente verwyder word nie, maar word eerder saam met 'n gegewe stapelvoedselgewas gedeel. Dit lei onvermydelik tot die opbou van aalwurm populasies en uiteindelik ly die hoofgewas skade terwyl produsente nie bewus is van die situasie nie.

Beheerstrategieë kan een, of 'n kombinasie van die volgende insluit:

- Tydige beheer van onkruide op voedsel areas is noodsaaklik om die opbou van aalwurm populasies te beperk, aangesien onkruide as gasheer kan dien en die ontwikkeling en voortplanting van sulke plae ondersteun.



'n Voorbeeld van meervoudige of tussenboustelsels wat deur bestaansboere beoefen word.



1



Onkruide wat voorkom by mielies op die land, wat kan lei tot bevolkingsopbou van plant-parasitiese aalwurm.

BO-GROND SIMPTOME WAT VERBAND HOU MET PLANT-PARASITIESE AALWURM OP GEWASSE



Kolle en verdwergde groei op 'n mielieland veroorsaak deur plant-parasitiese aalwurm.



Verkleuring van blare en verdwergde groei van groente wat veroorsaak word deur plant-parasitiese aalwurm.

ONDERGROND SIMPTOME WAT VERBAND HOU MET PLANT-PARASITIESE AALWURM OP GEWASSE



Kroongal op wortels, aartappels en op wortels van Hibiscus spp. weens wortelknop aalwurm.

- Toevoeging van organiese materiaal:
 - Help om grondvog te behou en dra by tot die beskikbaarheid van plantvoedingstowwe.
 - Verhoogde water- en voedingsopname deur plante help om aalwurmaanvalle te weerstaan.
 - Diereafval, doppe of kompos byvoegings sal ook die vlakke van mikrobes in die grond verhoog en sodoende die opbou van ander voordelige mikroöorganismes wat op alle grondmikrobes voed, verhoog, insluitend nie-parasitiese nematodes. Dit is egter noodsaaklik om te verseker dat

kompos wat gebruik word, nie gedeeltelik ontbinde wortels/knolle insluit wat besmet is met aalwurm of ander grondgedraagde patogene bevat nie. Vorige navorsing het getoon dat ontbinde kraalmis behandelings wortelknol aalwurm getalle tussen 41% en 71% in tamatieproewe en tussen 49% en 99% in mielieproewe wat in hulbron-arm gebiede geplant is, verminder het.

- Grond solarisasie:
 - Effektiel vir klein plotjies en behels die bedekking van die grond met deursigtige

plastiek gedurende die somerseisoen wanneer hoë dagtemperature ervaar word. Hierdie strategie is ook suksesvol toegepas in LNR toetse en verminder algemene wortelknop aalwurm aansienlik.

• Wisselbou:

- Plante wat verwant is, is gewoonlik vatbaar vir dieselfde plae en siektes en moet nie naby aan mekaar geplant word, of in 'n rotasie siklus op mekaar volg nie. Spesifieke wortel- en knolgewasse moet nie op dieselfde area van die tuin in die volgende jare geplant word nie, want hulle is hoogs vatbaar vir aalwurm en ander plae en siektes.

- Gasheerplant weerstand is 'n ander opsie vir die voorkoming van algemene wortelknop aalwurm bevolkingsopbou in teelstelsels. Hierdie metode is 'n goeie bestuurskeuse omdat dit minimale moeite en onkoste behels. Weerstandbiedende gewasvariëteite is egter nie beskikbaar vir alle graan en groentegewasse nie.

Dit is van kardinale belang om die effektiewe en geïntegreerde plaagbestuurstrategieë te identifiseer wat gesamentlik alle saad- en aalwurmbestuur sal aanspreek om populasie opbou van teiken plae te voorkom.

- Gebruik van groenkompos- of dekgewasse soos Vetivergras en die Brassica kultivar het algemene wortelknop aalwurmbevolkings in beide kweekhuis- en landproewe verminder. Vetivergras kan ook waarde toevoeg vir 'n produsent waar vee 'n integrale deel van die boerderystelsel vorm.
- Fisiese vernietiging van wortels/ander plantdele: Vernietig wortels/ander plantdele sodra die plante nie meer in die tuin groei nie. Plant-parasitiese aalwurm gaan voort om te voed en te reproduuseer op wortelfragmente/ander plantdele in die grond en bou op tot skadelike vlakke vir vatbare opvolgewasse.

Artikel verskaf deur Nancy Ntidi, LNR-Graangewasse, Potchefstroom, Akhona Mbatyoti, LNR-Tropiese en Subtropiese Gewasse, Mbombela en Driekie Fourie, Eenheid vir Omgewingswetenskappe en Bestuur, Noordwes Universiteit, Potchefstroom. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na ntidin@arc.agric.za.



KANOLA

– wat om na op te let gedurende Oktober

In Oktober begin ons om voor te berei om die vrug van ons arbeid van die afgelope maande te oes. Alle topbemestings, swam-doderspuitmiddels en onkruiddodertoedienings is 'n ding van die verlede.

Kanola wat in die vroeë peulvulling is, kan steeds geneig wees tot laat insekbesmettings en ge-reelle weeklikse verkenning moet nog uitgevoer word. Dit is meer waarskynlik by kanola wat te veel vertak het as gevolg van 'n minder digte stand en die peule op die buitenste takke stadi-ger is om te ontwikkel.

Insekte wat in hierdie stadium ekono-miese skade kan veroorsaak, sluit plantluse, diamantrugmot en bolwurms in. Slegs besmet-tings wat die aanbevole spuitdrempe oorskry, moet bespujt word.

Plantluse


Plantluse word oor die algemeen 'n probleem tydens warm, droë weerstoestande. Swaar besmette kolle plantluse bo-op stingels en peule kan die vulling van die peule benadeel. Oorweeg slegs 'n toediening indien 'n hoë aantal plante besmet is. Volwasse kanola kan 'n hoër infestasie van plant-luse weerstaan as in die vroeë groei-stadiums.

Koue weer vertraag die toename in plant-luse en reën kan selfs die bevolking verminder. Voordelige insekte soos wespes, blomvlieë en lievenheersbesies is roofdiere of parasiete van plantluse en kan bevolkings verminder. Dit is dus belangrik om die situasie gereeld te monitor om vas te stel of 'n spuittoediening ekonomies regverdigbaar is.

Diamantrugmot (DBM)

Wees op die uitkyk vir klein wit motte wat tussen plante vlieg wanneer dit versteur word. Onder-soek plante vir tekens van liggroen larwes wat dikwels loskom van 'n sydraad op die plant wan-neer dit versteur word. Klein larwes eet gate in die blare wat ook 'n teken is van moontlike bes-metting. As hulle groter word, sal hulle gate in peule eet wat ook sekondére skade kan veroor-saak deur siektes.

Die lewensiklus van die Diamantrugmot vanaf eiers tot volwasse motte tydens warm temperatuur (28°C) kan so 14 dae lank wees, populasies kan dus baie vinnig toeneem. Bespuiting vir die Diamantrugmot moet slegs oorweeg word wan-neer meer as 20 larwes van 3 mm tot 4 mm lank per tien plante, in die middel tot laat blomstadium getel word. Hierdie syfer verhoog tot 50 larwes per tien plante by die peulvul stadium.



Swaar besmette kolle plantluse bo-op stingels en peule kan die vulling van die peule benadeel.



Kanolalande moet gemonitor word vanaf die begin van blom vir die teenwoordigheid van bolwurms.

of verlies aan graan in kombinasie, kan maklik wissel van 'n paar kilogram tot 500 kg/ha. Teen huidige pryse verteenwoordig dit R500 netto wins per elke 100 kg verlies.

Platsny

Die beskikbaarheid van toerusting is gewoonlik 'n beslissende faktor vir platsny, of om direk te oes. In gebiede wat sterk wind ervaar word wanneer kano-la begin ryp word, is platsny verkiekslik, aangesien uitgebreide verliese by kanola voorkom.

Platsny het ander voordele as direkte oes, hoewel baie boere in Australië en Kanada terugge-keer het na direkte oes. Wanneer kanola onewere-dig ryp word, sal platsny help, omdat saad geneig is om meer eenvormig ryp te word wanneer dit gesny word. Dit kan 'n boer ook help om die oes 8 tot 10 dae vroeër te stroop.

Die ideale tyd om plat te sny, is wanneer saadverkleuring tussen 40% en 70% is, met 'n voginhoud van 30% tot 40%. Boere moet eerder bietjie later sny, veral in die warmer droër gebiede, omdat hoër temperature veroorsaak dat die windrye vinniger droog word. Indien kanola te vroeg gesny word, kan dit groen pitte en kleiner sade met 'n laer olie-inhoud veroorsaak.

Om saadverkleuring te bepaal, moet monsters van 100 peule wat verteenwoor-digend van die hele land is, ingesamel word. Aangesien saad ryphouding aan die onderkant van die plant begin, moet peule van die bod-em, middel en boonste dele van die plant op die hoofstengel gepluk word. Maak die peule oop en let op die mate van saadverkleuring.

Oes van kanola

Baie boere is geneig om hul kanola vir die hele groeiseisoen te monitor, net om die wins aan die einde van die seisoen te verloor. Baie navorsers meen dat onnodige verliese, wat die boer nikos nie indien dit reggestel word, plaasvind tydens die oesproses. Skattings van opbrengs-verliese as gevolg van foutiewe tydsberekening,



KANOLAPRODUKSIE



**Die snyhoogte moet bokant die vertakking van die plante wees,
sodat die staande stoppel 'n vurk vorm waarin die windry kan lê.**

Tel die aantal sade wat geel, bruin of swart verkleur het. In die Kanola Produksiehandleiding word duidelike illustrasies vir die bepaling van saadkleurverandering afgebeeld.

Die eerste monsters moet 15 dae voor die einde van blom geneem word om die ideale tyd om te sny, te bepaal. Die einde van blom word gedefinieer wanneer 10% van alle plante nog blomme dra. Monsters moet gereeld geneem word, want wanneer saad ferm is wanneer dit tussen die vingers gerol word, kan dit binne 24 uur verkleur. Verkleuring versnel wanneer dit warm en droog is en is stadiger wanneer koel en klam toestande heers. Op die land verkleur saad as volg per dag:

20°C tot 24°C: 3% tot 4%;

24°C tot 2°C: 4% tot 6%; en


27°C tot 30°C: 7% tot 8%.

Indien kanola vier of vyf dae te vroeg platgesny word, kan daar verliese van tot 10% opgelewer word. Die ideale vensterperiode vir platsny duur net drie tot vier dae. Hierdie tydperk vind ongeveer 21 tot 25 dae na blom plaas, afhangende van die klimaat. Opbrengsverliese indien platsny te laat plaasvind, kan verminder word deur snags te sny of wanneer die humiditeit op sy hoogste is.

Die snyhoogte moet bokant die vertakking van die plante wees, sodat die staande stoppel 'n vurk vorm waarin die windry kan lê. Dit verseker beter windbeweging onder die windry en die kanola droog vinniger. Afhangende van die klimaatstoestande nadat windrye gepak is, soos temperatuur, wind en humiditeit, kan kanola ongeveer binne 7 tot 14 dae nadat dit platgesny is, gestroop word.

Direkte oes

Seisoenale toestande is die grootste faktor wat beïnvloed wanneer kanola direk geoes kan word. Oor die algemeen is kanola gereed vir direkte oes ongeveer 16 tot 20 dae na die optimale wagtyd, maar 'n droë seisoen sal die



**Die ideale tyd vir platsny is wanneer saadverkleuring tussen
40% en 70% is met 'n voginhoud van 30% tot 40%.**

tyd voor oes versnel. Die sleutel tot korrekte tydsberekening vir direkte oes is die saadvog persentasie. Die ideale vlak is 7,5% tot 8%, wat beteken dat peule minder geneig is om te breek en daar sal 'n gladder vloei van stingels na die strooptafel wees.

Om op 7,5% vog te stroop, beteken dat kanola sonder dou geoes kan word, aangesien plante nog 'n bietjie groen sal wees. As boere wag totdat kanola stingels wit begin kleur, soos vir die platsny oesmetode, sal saadverliese verhoog. As saadvog onder 8% val, hou dan aan met oes en moenie stop nie. Peulvolwassenheid kan vinnig ontwikkel in warm weer, dus is tydsberekening krities. Oesspoed is meer krities by direkte oes van kanola in vergelyking met ander gewasse. Oormatige spoed, veral wanneer die gewas droog is, kan aansienlike breekskade deur die lemme op die drom en uitskeier veroorsaak word, deurdat die saad uitval. Oesspoed moet moontlik geleidelik verminder word sodra dit namiddag is. Oes wanneer die relatiewe humiditeit bo 70% is en stop met oes wanneer dit laer val. Kanola kan gelewer word met 'n voginhoud van tot 14%, mits daar droggeriewe beskikbaar is.

Wanneer die kanola oneweredig ryp geword het, het laat onkruid ontkiem en kan probleme by oes veroorsaak, of wanneer die gewas omgeval het, kan chemiese rypwording oorweeg word. Gebruik slegs 'n produk wat geregistreer is vir chemiese rypwording, aangesien ander produkte se oorblyfsels die lewering van die gewas kan diskwalifiseer. Behoorlike benutting van die hele plant is belangrik aangesien die kontak chemikalie nie in die plant verplaas word nie.

Die stadium vir die toediening van 'n chemiese rypmiddel is baie belangrik, want wanneer bespuiting te vroeg plaasvind, sal dit tot gevolg hê dat peule nie verder ontwikkel nie. Vir chemiese rypwording moet saad tussen

70% en 80% verkleuring wees, wat later is as vir die platsnstadium. Kanola sal gereed wees vir oes tussen vier tot sewe dae na bespuiting, afhangende van die grootte en digtheid van die gewas. Wees versigtig om slegs 'n area wat binne een of twee dae geoes kan word te bespuit, omdat verliese as gevolg van breekskade kan voorkom.

Beplan vir die volgende seisoen

Sodra 'n land geoes is, kan 'n aantal aksies boere help om vir die toekoms te beplan. Kyk na sny-stingels om die vlak van infeksie van swart stam en sclerotinia te bepaal. Indien daar aanduidings is dat 'n hoë vlak van sclerotinia teenwoordig was, probeer om nie weer kanola op of naby die besmette land die volgende seisoen te plant nie.

Beoordeel ook die doeltreffendheid van jou onkruidbeheerprogram. Let op watter onkruid teenwoordig is, bepaal of die chemikalië wat gebruik is die regte keuse was vir jou dominante onkruidspelktrum en beplan met jou adviseur indien veranderinge vir die toekoms aangebring moet word.

Ten slotte, oorweeg watter lande volgende jaar onder kanola geplant word en oorweeg die oesproses van die huidige oes. Kanola ontkiem nie goed onder 'n swaar stoppelvrag nie, jy moet dus oorweeg om die hoeveelheid stoppels wat gelaat word te verminder, byvoorbeeld deur die strooi te baal, of die strooi eweredig te sny en te versprei om te voorkom dat die reste saampak.

Artikel verskaf deur Chris Cumming, konsultant vir die PNS (Proteïennavorsingstigting).
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na cummingza1946@gmail.com.



OORWEEG HIERDIE FAKTORE WANNEER SOJABONE AANGEPLANT WORD

Jou somergewas beplanning kan meer as een gewas, sowel as die produksie van sojabone, insluit in 'n droëland- of besproeiingsiklus.

Sommige van die oorwegings vir ideale gewasverbouing sal verskil, afhangende of jy droëland, of besproeiingsproduksie toepas.

Die kommoditeits afgeleide markprys, of Safex prys, vir sojabone oor Maart en Mei 2019 is R4 807/ton. Die bruto marge analyse wat verskillende gewasopsies vergelyk, sou die verwagte netto opbrengs van die verskillende gewasopsies wat op jou plaas geproduseer is en die opbrengs van gewasse met die grond en klimaat sones van die gebied waarin jy boer, aangedui het.

Die prysvlakke per ton dui daarop dat 'n minimum teikenopbrengs van 2 ton of meer vir droëlandproduksie van sojabone, die ideaal sal wees. Doen jou eie gedetailleerde koste analyse om seker te wees.

Bestuurs- en produksiefaktore wat gedurende Oktober en November die fokus moet wees

Saad en plant

Sommige droëland produksiegebiede het in Julie meer as 50 mm ontvang en tesame met die laat somer- en herfs reën, moet die grondprofiel byna teen veldkapasiteit wees. Dit was hierdie jaar duidelik op lande onder bewaringsbewerking of geen-bewerking.

Indien dit die geval op jou plaas is, is die vroeë aanplanting van sojabone 'n opsie. Dit kan die jaar wees vir baie goeie opbrengste. Mens kan dalk vroeg in September of Oktober 'n derde van jou sojaboonoos aanplant en die balans in November en vroeg in Desember.

Sojaboon kultivarkeuse sal die belangrikste besluit wees wat jy sal maak. Koop sojaboonkultivars van bekende verskaffers en vra hul

“Beplan om al jou direkte sojaboon insette vroegtydig op die plaas te kry, nadat al die beste aanbevelings van jou span adviseurs oorweeg is.”

advies oor watter variëteit die beste is vir lang of medium seisoen produksies. Daar is nou soveel keuses beskikbaar wat aangepas is vir jou grondpotensiaal, reënvalpatrone en hitte-eenhede gedurende die groeiseisoen in jou omgewing.

Die presiese keuse van 'n vroeë, medium of laat kultivar wat op die regte tyd geplant is, kan werklik die maak- of breekfaktor wees wat verseker dat jy die hoogste opbrengs onder jou plaaslike toestande sal behaal. Maak seker dat jy genoeg saad gekoop het vir 'n herplanting indien dit nodig sou wees. 'n Finale plantpopulasie van tussen 240 000 en 280 000 is 'n goeie duimreël om as 'n ideaal vir droëlandproduksie te volg. Pas hierdie teiken toe op beide 0,76 meter en 0,91 meter gespasieberde rye wanneer jy jou planter kalibreer.

Bemestingbeplanning

Wanneer jy plant met die gebruik van óf konvensionele, óf bewaringsbewerkingsmetodes, moet jy seker maak dat jou plantereënheid wat met die grond in kontak kom, korrek ingestel is om goeie kontak tussen die saad en die grond te verseker en bemestingsvlakte korrek gekalibreer is volgens die aanbevelings.

Sommige boere gebruik 'n klein hoeveelheid stikstof by plant, ander doen dit nie. Raadpleeg jou saadverskaffer en landboukundige vir aanvaarde praktyke en ervaring oor bemesting vir die beste opbrengs op jou plaas. Bemesting gebaseer op die onttrekking van voedingstowwe deur gewasse, is die minimum wat gebruik moet word. 'n Tekort aan beschikbare fosfor en kalium

sal 'n groot impak hê op getekende opbrengste. Laat jou grondontleding betyds doen, sodat jy weet waarom jy die aanbevole toediening van voedingstowwe gebruik wat jou grond se vrugbaarheidstatus pas. Koop betyds die regte kennis volgens aanbevelings.

Rhizobium en inokulering

Maak seker dat jou rhizobium inokuleringsprogram van die beste is en gebruik inokulente van die beste bronne. Moenie kansse in hierdie oopsig waag nie en inokuleer jou saad presies volgens instruksies. Sommige produkte kan 'n paar dae voor plant gemeng word, terwyl ander die korrekte ure voor plant gemeng moet word vir die beste resultate.

Baie inokulente sluit stimulante wat wortelgroei bevorder, in die basiese inokulentproduk in. Dit kan goed werk, afhangende van die vrugbaarheidstatus, grondbewerking en struktuur wat op jou land voorkom. Moet nie die gemengde saad aan direkte sonlig blootstel wanneer jy die planter met die behandelde saad opvul nie.

It is belangrik om die ontwikkeling van die stikstofbevattende rhizobium bakterieë op die sojaboonwortels te monitor. 'n Goeie enting om sterk en baie wortelknoppies te skep, is die sleutel tot die verwesenliking van 'n hoë opbrengs.

Onkruidbeheerprogram

Indien jy glyfosaat bestande kultivars gebruik, maak seker dat jou sputtoerusting in stand gehou word vir tydige en korrekte bespuitings, sodat enige onkruid op die regte tyd in jou beplanning beheer kan word. Vra asseblief raad oor die tydsberekening en konsentrasie van die glyfosaatproduk wat gebruik gaan word. Hierdie advies geld vir meganiese bewerkingsmetodes wat ondersteun word deur nie-glyfosaat onkruidbeheer metodes.

Samevatting

Beplan om al jou direkte sojaboon insette vroegtydig op die plaas te kry, nadat al die beste aanbevelings van jou span adviseurs oorweeg is. Daar is elke jaar soveel tegniese vordering in kultivarkeuse en produksiemetodes. 'n Mens moet 'n netwerk van adviseurs ontwikkel wat aan die voorpunt staan van elke aspek van sojaboonproduksie.





SOJABONE: Wat is aan die kom hierdie volgende seisoen?

Globale sojaboonproduksie vir 2018/2019 word op 354,5 miljoen ton geprojekteer. Brasilië se produksie sal na verwagting konstant bly teen 117 miljoen ton terwyl Argentinië van die droogte herstel het en daar word verwag dat hul produksie met 17 miljoen tot 56 miljoen ton sal styg.

Die Departement van Handel en Nywerheid (DTI) het 'n paar jaar gelede 'n invoervervangingstrategie vir sojabone ingestel, dit het produksie, sowel as verhoogde kapasiteit in sojaboonverwerkingsaanlegte gestimuleer.

Oor die afgelope dekade was sojabone die snelste groeiende landgewas in Suid-Afrika. Met die sojaboon plantseisoen wat nader, lyk dit of die tendens sal voortgaan om te groei. Die vorige seisoen was 'n goeie een, met 573 950 ha geplant en 'n finale oes van 1 316 miljoen ton, dit was hoofsaaklik toe te skryf aan goeie weersstoestande.

Vir die 2018/2019 bemarkingsjaar het die Oesskattingskomitee (NOK) geskat dat die oppervlakte onder sojabone geplant 787 200 ha sal wees, met 'n produksie van 1,551 miljoen ton en 'n verwagte opbrengs van ongeveer 1,97 t/ha. Mpumalanga bly 'n belangrike sojaboonprodusent met 554 300 ton wat in 2017/2018 vervaardig is

Tabel 1: Waarde van sojabone onttrek uit soja oliekoek (47% proteïen) geland in Durban op 2018-08-21.

Verskeping R6 297	Sojaboonolie R10 900	Sojaboondoppe R1 600	Wisselkoers R14,43
Geland DURBAN 47% proteïen-oliekoek			R6 297 R6 297 R4 660 R32 R1 853
Inkomste uit oliekoek			
Inkomste uit sojaboondoppe 2%			R32
Inkomste uit sojaboonolie 17%			R1 853
Totale inkomste			R6 545
Perskoste en minimum marges			R400
Vervoer na sojaboon aanleg			R200
Sojaboon produsente prys (op die plaas)			R5 945


en die produksie sal na verwagting in 2018/2019 met 127 700 ton tot 682 000 ton toeneem. Gevolg deur die Vrystaat met produksie van 504 000 ton in 2017/2018 en dit sal na verwagting in die komende seisoen tot 552 000 ton toeneem.

In 2017 het sojaboonpryse rondom R4 600 per ton gewissel, wat jaarliks met 29% daal weens laer internasionale prysse en 'n versterking in die rand. Vir die komende seisoen word Safex-pryse verwag om tussen invoer- en uitvoerpariteit (**Grafiek 1**) te verhandel, met afgeleide prys vir oliekoek en olie wat 'n relatiewe maatstaf vir die plaaslike prys bepaal (**Tabel 1**).

Uiteensetting van die prysinligting

- Geland Durban 47% proteïen sojaboonoliekoek:** Prys waarteen sojaboonoliekoek met 'n proteïeninhoud van 47% ingevoer kan word (vry op trok, Durban).
- Doppe:** Pryse van sojaboondoppe by sojaboonaanleg.
- Inkomste:** Inkomste uit verskeie komponente van oplossings wat uit sojabone verkry is nadat dit verwerk is by 'n kommersiële aanleg.
- Verwerkingskoste:** Die minimum inkomste wat benodig word om verwerkingskoste te dek.
- Sojaboon vervoer:** Die gemiddelde koste van die vervoer van sojabone na die verwerkingsaanleg.
- Prys aan produsent op die plaas:** Die intrinsiese waarde van sojabone op die plaas, met inagneming van al die koste en inkomstekomponente om sojabone te verwerk (oplossingsonttrek) en minimum marge behaal. Vir Suid-Afrika se sojaboonmark om voort te gaan om te groei en uiteindelik selfversorgend te word, moet ons 'n maksimum verwerkingsvermoë van 2,5 miljoen ton vir sojabone en sonneblom gebruik. Dit sal dan 'n aansienlike vermindering van invoere benodig as wat ons tans ontvang; sojabooninvoerders in die land moet plaaslike produkte koop en maatreëls moet in plek wees om oliekoek te stop wat die land inkom teen 'n prys onder ons produksiekoste.

Grafiek 1: Sojaboonproduksie, verbruik, verhandeling en prys: 2006/2007 - 2018/2019.



Bron: Graan SA (2018)

Artikel verskaf deur Ikageng Maluleke, Junior Ekonom, Graan SA. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na Ikageng@grainsa.co.za.

Kom ons praat oor wisselbou

Indien jy verskillende resultate wil hê, moet jy verskillende benaderings probeer

Gewasrotasie was 'n normale praktyk vir boere van die antieke wêreld. Gedurende die Romeinse Ryk het die boere 'n stelsel genoem 'kos, voer en braak' gevolg.

Hulle het hul lande in drie afdelings verdeel en dan 'n voedselgraan geplant, byvoorbeeld koring of mielies, 'n veevoer, soos gars of hawer en dan sou die derde gedeelte heeltemal gerus het en 'n kans gegee word om voedingstowwe en organiese materiaal te herstel.

Gewasrotasie het in die 1950's by boere ongewild geraak toe 'moderne' tegnologie en chemikalië dit moontlik gemaak het vir boere om na mono-bewerking om te skakel en konsekwent hoë opbrengste te produseer met gebruik van nuut beskikbare kunsmisstowwe, plaaggodders en onkruiddoders.

Maar die wiel het gedraai...

Daar is baie mielieprodusente wat voortdurend mielies op 'n land suksesvol verbou het deur swaar bemestingsprogramme te gebruik en insekte en onkruid te beheer met hoë vlakte plaaggodders. Suid-Afrikaanse boere het bevind dat monokultuur hoë opbrengste en goeie winste geproduseer het.


Na 'n lang tydperk van monokultuur het die boere egter gesien dat om dieselfde gewas op dieselfde land jaar na jaar te verbou, geleid het tot aansienlike toenames in die teenwoordigheid van plae en siektes op hulle lande. Gronderosie was 'n ander probleem wat hulle meer as voorheen ondervind het. Die winsgewendheid van gewasproduksie het in die 1980's aansienlik gedaal en boere het groter risiko's met monokultuur gehad. Hulle moes iets anders probeer – hulle het dus begin met die implementering van stelsels met wisselbou.

Die negatiewe aspekte van monokultuur gewasverbouing

- Gronderosie word gewoonlik deur bewerking versnel en is dikwels erger by monokultuur.
- Gewasopbrengs kan met monokultuur daal.
- Onkruid is geneig om te verhoog en word 'n probleem.
- Grondvrugbaarheid verswak en vlakte van organiese materiaal is laag.
- Grondstruktur en waterinfiltrasie koerse is laer by monokulturstelsels.
- Monokultuur lei tot verhoogde plae, siektesvoorkoms en opbrengsverlies.



JAAR 1



JAAR 2



JAAR 3

Die beginsels van wisselbou

Gewasrotasie is basies 'n stelsel om verskillende soorte gewasse in herhalende opeenvolging op dieselfde grond te verbou met die doel om volhoubare produksiepotensiaal te verbeter. Dit is 'n stelsel wat geïmplementeer is omdat dit óf voordeelig vir die grond, óf vir ekonomiese opbrengs is – óf beide.

'n Goeie rotasie sal voorsiening maak vir verbetering in grondvrugbaarheid en produktiwiteit en sal gewoonlik 'n peulgewas insluit vir die bevordering van stikstof, 'n gras of peulgewas wat die humus sal verbeter en 'n gewas wat onkruidbeheer sal bevorder. Die keuse van 'n rotasie hang af van gewasse wat aangepas is vir grond, klimaat en die ekonomiese klimaat. Die diversifikasie wat in 'n wisselbouprogram kom, hou baie voordele in, insluitend die ekonomiese gebruik van beskikbare water.

Die voordele van wisselbou

Gewasrotasie het baie agronomiese, ekonomiese en omgewingsvoordele in vergelyking met monokulturgewasse. 'n Goed beplante wisselboustelsel verbeter die grondgesondheid aansienlik, aangesien daar verhoogde organiese materiaal, verbeterde grondstruktur en 'n afname in grondagteruitgang is. Dit kan ook lei tot hoër opbrengste en groter plaaswinngewendheid oor die langtermyn.

- Verhoogde vlak van grond organiese materiaal verhoog water en voedingstof retensie.
- Verbeterde grondstatus verminder afhanklikheid van sintetiese bemestingstowwe = laer insetkoste.
- Beter grondstruktur verbeter dreinering en verminder risiko's van water opdam tydens vloede.
- Verbeterde grondstruktur beteken minder afloop en minder bo-grond verlore.
- In baie streke van Suid-Afrika is winderosie van bo-grond 'n ernstige bedreiging, verbeterde grondstruktur en meer organiese materiaal verminder verliese.
- Verbeterde grondstruktur verhoog die verskaffing van grondwater tydens droogtes.
- Gewasrotasie word gebruik om onkruid en siektes te beheer en daar is gevind dat onkruiddoders minder skade in wisselbou as by monokulturstelsels veroorsaak.
- Gewasrotasie, teenoor monokultuur, beperk besmetting van insekte en ander plae en verminder die gebruik van plaaggodders

*Voorbeeld van 'n gesonde wisselboustelsel.
Jaar 1 = Sonneblom → Jaar 2 = Peulgewas →
Jaar 3 = Mielies → Jaar 4 = Sonneblom.*

GROEI JOU BESIGHEID?

In ons vorige artikel het ons die stelling gemaak dat dit baie belangrik vir die moderne boer is, groot of klein, om finansieel geletterd te wees. In daardie artikel het ons gefokus op die inkomstestaat, of ook bekend as die staat van finansiële uitslag, die staat wat gebruik word om vas te stel of jy wins maak.

Die inkomstestaat meet jou finansiële resultate oor 'n tydperk, amper iets soos 'n wedloop. In 'n besigheid duur die wedloop gewoonlik 'n jaar, wat bekend staan as die finansiële jaar.

In hierdie artikel sal ons fokus op 'n balansstaat, ook onlangs bekend as die staat van finansiële posisie en dit meet die finansiële posisie van jou besigheid op 'n bepaalde dag. Die finansiële posisie spreek die hoeveelheid bates in verhouding tot die hoeveelheid laste of skuld aan. Skuld dui dan op hoeveel geld jy aan ander mense of finansiële instellings verskuldig is. Die balansstaat word egter ook gebruik om die finansiële groei of vordering van jou besigheid van een jaar na 'n ander te bepaal.

Binne normale praktyk het jy 'n balansstaat aan die begin van 'n finansiële jaar en een aan die einde van die jaar wat jy dan met mekaar sal vergelyk.

In **Tabel 1** is 'n kort vereenvoudigde uiteensetting van twee state van finansiële posisie of balansstate, op 'n spesifieke dag aan die begin van 'n finansiële jaar en 'n spesifieke dag aan die einde van die jaar. Slegs 'n paar voorbeeld van bates en laste word getoon.

- Laat ons eers 'n paar terme verduidelik.
- Bates is alles op die plaas wat aan jou be-

“Om finansieel suksesvol te wees, moet jou besigheid 'n wins maak.”

hoort – soos gereedskap, masjinerie, voertuie, geboue, vee.

- Laste is al die geld wat jy aan finansiële instellings verskuldig is.
- Die terme huidig, medium en lang verwys na werklike jare – wanneer dit na bates verwys, verwys dit na die normale lewensduur van bates. Huidig een tot twee jaar, gemiddeld normaalweg vyf jaar en langtermyn tien jaar en langer.
- Wanneer jy na laste verwys, beteken dit die tyd wat jy beskikbaar het om die lening terug te betaal. Huidig, of ook bekend as korttermyn, beteken dat jy een tot twee jaar het om die lening terug te betaal, mediumtermyn normaalweg vyf jaar en langer, tien jaar en langer.
- Die term eienaarsbelang of kapitaal belê is die waarde van die geld uit jou eie sak wat jy in jou plaas belê het en/of winste wat jy in jou plaas herbelê het.

Om 'n balansstaat op te stel, benodig jy inligting. Eerstens het jy 'n bateregister nodig wat basies 'n lys is van alles wat aan jou behoort en die geldwaarde van die items. Tweedens, moet jy behoorlike rekords hou van alle laste.

Hoekom is 'n balansstaat belangrik? Uit die balansstaat kan mens bepaal of jou besigheid groei. Dit word gedoen deur die ver-

skil tussen die eienaarsbelang aan die einde van die finansiële jaar en aan die begin van die finansiële jaar te bepaal.

In ons voorbeeld was die einde van die jaar 28 Februarie 2018 en die begin 1 Maart 2017. Die verskil is dan R117 500 min R1 090 000 (syfer J) wat positief is met R85 000. Dit is altyd die eindbedrag minus die bedrag in die begin. As die resultaat positief is, soos in ons voorbeeld, toon dit dat jou besigheid gedurende die jaar gevorder het, of dit is in 'n beter, of sterker, of veiliger posisie aan die einde van die jaar as in die begin. Dit is nie wins of kontantvloei nie, dit is iets anders. Jy het meer van jou eie fondse en/of winste in jou besigheid belê en/of jy het die verpligtinge verminder.



Tabel 1: 'n Vereenvoudigde oorsig van twee state van finansiële posisie op 'n spesifieke dag aan die begin van 'n finansiële jaar en 'n spesifieke dag aan die einde van die jaar.

	Bates	2017/03/01	2018/02/28		Verpligtinge	2017/03/01	2018/02/28
	Huidige bates	R	R		Huidige verpligtinge	R	R
A	Bank	25 000	-		Bank	-	5 000
	Bemarkbare vee	100 000	125 000		Koöperasie	40 000	30 000
A	Totaal	125 000	125 000	E	Totaal	40 000	35 000
	Mediumtermynbates				Mediumtermynverpligtinge		
B	Trekkers	50 000	60 000		Lening op bakkie	35 000	30 000
	Voertuie	40 000	60 000				
B	Totaal	90 000	120 000	F	Totaal	35 000	30 000
	Langtermynbates				Langtermynverpligtinge		
C	Grond	1 000 000	1 000 000		Grondlening	550 000	525 000
	Geboue	500 000	520 000				
C	Totaal	1 500 000	1 520 000	G	Totaal	550 000	525 000
				H	Totale verpligtinge E + F + G	625 000	590 000
D	Totale bates A + B + C	1 715 000	1 7650 000	J	Eienaarsbelang H + J of D - H	1 090 000	1 175 000
				K	Totaal H + J	1 715 000	1 765 000

Redaksie

GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Louw Wepenerstraat 46
1ste Vloer
Dan Pienaar
Bloemfontein
9301
► 08600 47246 ◀
► Faks: 051 430 7574 ◀ www.grainsa.co.za

HOOFREDAKTEUR

Jane McPherson
► 082 854 7171 ◀ jane@grainsa.co.za

REDAKTEUR & VERSPREIDING

Liana Stroebel
► 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za

ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks
► 018 468 2716 ◀ www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS

Johan Kriel
Vrystaat (Ladybrand)
► 079 497 4294 ◀ johank@grainsa.co.za
Kantoor: 051 924 1099 ◀ Dimakatso Nyambose

Jerry Mthombohi
Mpumalanga (Nelspruit)
► 084 604 0549 ◀ jerry@grainsa.co.za
Kantoor: 013 755 4575 ◀ Emelda Mogane

Jurie Mentz
Mpumalanga/KwaZulu-Natal (Louwsburg)
► 082 354 5749 ◀ jurie@grainsa.co.za
Kantoor: 034 907 5040 ◀ Sydwell Nkosi

Graeme Engelbrecht
KwaZulu-Natal (Dundee)
► 082 650 9315 ◀ dundee@grainsa.co.za
Kantoor: 012 816 8069 ◀ Nkosinathi Mazibuko

Luke Collier
Oos-Kaap (Kokstad)
► 083 730 9408 ◀ goshenfarming@gmail.com
Kantoor: 039 727 5749 ◀ Luthando Diko

Liana Stroebel
Wes-Kaap (Paarl)
► 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za
Kantoor: 012 816 8057 ◀ Hailey Ehrenreich

Du Toit van der Westhuizen
Noordwes (Lichtenburg)
► 082 877 6749 ◀ dutoit@grainsa.co.za
Kantoor: 012 816 8038 ◀ Lebo Mogatlanyane

Sinelizwi Fakade
Mthatha
► 071 519 4192 ◀ sinelizwifakade@grainsa.co.za
Kantoor: 012 816 8077 ◀ Cwayita Mpotyi

Artikels wat deur onafhanklike skrywers geskryf word, is die mening van die skrywer en nie van Graan SA nie.

10 Kom ons praat oor wisselbou

aansienlik = verlaagde omgewingsimpak + laer insetkoste + verhoogde winsmarges.

- Peulgewasse – soos sojabone, boontjies, akkerbone, grondbone – in rotasie, vang stikstof vas en bind dit in die grond en verhoog die vrugbaarheid en verminder die behoeftte aan kunsmisstowwe.
- Dit is ook nie onbeduidend dat wisselbou 'n manier is om klimaatsverandering te versag nie. Die vermindering van die gebruik van sintetiese kunsmis lei tot verminderde kweekhuisgasvrystellings.
- Verbeterde grondgesondheid gekombineer met verbeterde waterretensie = hoër opbrengste oor die lang termyn.
- Gewasrotasie is een van die maklikste maniere om grondproduktiwiteit te handhaaf.



Tekens van onkruidweerstand weens oormatige gebruik van dieselfde chemikalië.

aan die opvolggewas in 'n rotasiestelsel kan veroorsaak?

- Vra ander boere watter rotasies vir hulle gewerk het. In die Noordwes volg die boere 'n Jaar 1: Sonneblom – Jaar 2: Peulgewas, byvoorbeeld boontjies of akkerbone – Jaar 3: Mielie rotasie. Die diep wortel sonneblomoes word gevolg deur die vlak wortel peulgewas wat stikstof in die grond bind voordat die voedingstof dorstige mielies geplant word.
- Gewasse van dieselfde familie moet nooit na mekaar geplant word nie, bloot omdat hulle waarskynlik dieselfde plae en siektes sal deel.

Artikel verskaf deur Jenny Mathews, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na jenjonmat@gmail.com.

Groeijou besigheid?

Die balansstaat kan ook aandui of jou besigheid solvent is of nie. Om dit te bepaal, moet 'n mens die verhouding tussen bates en laste bereken. In ons voorbeeld is die verhouding tussen die totale bates en die totale laste 2,58:1. (R1 520 000 (C) gedeel deur R590 000 (H) en uitgedruk as 'n verhouding). Dit beteken dan vir elke R2,58 bates, het jy laste van R1,00. Die aanbeveling is dat hierdie verhouding minstens 2:1 moet wees, wat beteken dat jou besigheid solvent is en nie in gevaar nie.

Die omgekeerde is ook waar, indien jy meer laste as bates het, byvoorbeeld die verhouding is 0,5:1, dan is jou besigheid basies insolvent. Dit is slegs een voorbeeld van verskeie verhoudings wat bereken kan word uit die inligting wat op 'n balansstaat verskyn en

elkeen vertel 'n ander storie van die finansiële sukses van jou onderneming.

Om finansiell suksesvol te wees, moet jou besigheid 'n wins maak (soos bepaal uit 'n inkomstestaat), die besigheid moet elke jaar groei (bepaal uit die balansstaat) en jy moet kontant in jou bank hê (kontantvloeistaat). Om wins te maak bly egter baie belangrik. As die besigheid nie wins maak nie, sal dit nie groei nie, en jy mag dalk nie geld in die bank hê nie.

Artikel verskaf deur Marius Greyling, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na mariusg@mcgacc.co.za.



HIERDIE PUBLIKASIE
IS MOONLIK GEMAAK
DEUR DIE BYDRAE VAN
DIE MIELIETRUST